# Representasie en disseminasie

C.S. de Beer


## Opsomming

Die bestudering van die werke van Jacques Derrida lei onvermydelik tot nadenke oor die grondslae van die Westerse kultuur. Dit is grondslae vol krake: instellinge lê aan skerwe; sleutelbegrippe word betwyfel. Kan iets aan hierdie krisis gedoen word? In hierdie verband is Derrida relevant. Hy vra nie na die krake in die fondament nie, maar bevraagteken die fondament self.

Teenoor die klassieke filosofiese opvatting, wat alle fasette van die Westerse kultuur deurdrenk, nl. dat grondslae bepaalbaar is omdat dit as sinvol gerepresenteer of aanwesig gestel word en die gerepresenteerde sin daarvan toegeëien en besit kan word, stel Derrida dit dat die grondslae nooit bepaalbaar is nie omdat daar altyd ook tussyn die lyne, tussen die woorde en in die kantlyne, ook binne die gapings tussen tekste gelees en geskrywe word, sodat hierdie disseminasie van sin 'n vorm van onteiening is. Teenoor die homogeniteit van die metafisika van aanwesigheid is daar 'n heterogeniteit van spore wat daarop dui dat sin tegelyk aanwesig en afwesig is. In plaas van die toe-eiening van gerepresenteerde sin is daar onteiening vanweë gedissemineerde sin. Disseminasie, anders as representasie, beweeg nie weg van betekenis nie, maar maak dit moontlik.

Hierdie lees- en skryfoperasie word dekonstruksie genoem. Dekonstruksie kan geheel en al geïgnoreer word as irrelevant, òf daar kan beslag daarop gelê word as 'n interessante modeverskynsel òf as 'n skynbare bondgenoot vir die ideoloog òf as 'n avontuurlike metodologiese vernuwing. Ten diepste kom dit egter neer op 'n uitdaging tot verbeeldingryke deelname aan 'n radikale filosofiese beweging met 'n nuwe denkwyse oor 'mens' en 'wêreld'.



## Summary

A study of the works by Jacques Derrida inevitably leads to a reflection on the foundations of Western culture, foundations that are full of cracks: institutions are shattered; key concepts are questioned. Can anything be done about such a crisis? In this context Derrida becomes relevant. He is not concerned about the cracks in the foundations but *questions* the very possibility of foundations.

As opposed to the classical philosophic view saturating all facets of Western culture, viz. that foundations are determinable because they can be represented or made present as meaningful while the represented meaning can be appropriated and possessed, Derrida states that foundations are not determinable because of reading and writing between the lines, between words, in the margins as well as within the gaps between texts, and such dissemination of meaning comes to a radical dispossession of meaning. As against the homogeneity of the metaphysics of presence there is a heterogeneity of traces which indicates the simultaneity of presence and absence. Instead of the appropriation of represented meaning there is dispossession due to disseminated meaning. Dissemination, unlike representation, does not depart from meaning but makes it possible.

This reading and writing operation is called deconstruction. Deconstruction can be totally ignored as irrelevant or it can be embraced as an interesting fashion or as an apparent ally of the ideologue or as an adventurous methodological renewal. As a matter of a fact, however, it emanates as a profound challenge to imaginative participation in a radical philosophic movement with a new mode of thinking about 'man' and 'world'.


Onlangs is ek met die vraag gekonfronteer: Waarom is jy geïnteresseerd in Derrida? Hoe word so 'n vraag nou in 'n neutedop beantwoord? My poging

het min of meer op die volgende neergekom: Dit is duidelik dat daar baie krake en barste in die sogenaamde grondslae van die Westerse beskawing voorkom. Instellinge lê in meer as een opsig aan skerwe. 'n Mens moet baie naïef wees om te glo dat die kerk nog 'n diepgaande bydrae tot ware religiositeit lewer. Die verbrokkeling van huwelike, die daarmee gepaardgaande emosionele aftakeling van mense asook die vernielsug waarmee kinderemosies aangewend word om bitterheid te wreek, roep vrae op oor die institusionalisering van menseverhoudinge. Ongelooflike hoeveelhede politieke verspottighede word in die naam van demokrasie gepleeg. Slegs illusie kan 'n mens laat glo dat daar nie ontsaglike verwarring heers op die gebied van kommunikasie nie. Hierbenewens word die inhoud en trefkrag van sleutelbegrippe aan ernstige twyfel blootgestel: oorsprong en bestemming, sin en betekenis, waarheid en kennis, geluk en saligheid, ens.

Die vraag kan nou gestel word: is 'n gebarste fondament werklik 'n fondament? Kan daar gewaag word om die huis slegs te restoureer en te hoop dat dit nie weer sal bars nie? Erger nog: help dit om die barste toe te smeer en dan in die afwesigheid daarvan te glo? Dit, so wil dit voorkom, is presies wat gebeur. Miskien is dit die rede waarom hervorminge en selfs rewolusie wêreldwyd en op soveel terreine skipbreuk ly. Die filosoof Martin Heidegger het lank gelede al beweer dat daar metafisies gesproke geen verskil tussen Amerika en Rusland bestaan nie. Hieraan kan toegevoeg word: en ewe min verskil tussen linkse en regse politiek. Daarom moedig hy ons aan om in algeheel ander terme as metafisiese terme te begin dink.

Myns insiens is dit hier waar Jacques Derrida, en andere vóór hom (Marx, Nietzsche, Freud, Heidegger), en heelparty saam met hom, anders te werk gaan. Dit is dus nie die werk van een persoon nie; dit is veel eerder 'n geestesbeweging wat die hart van die Westerse kultuur en beskawing affekteer. Wat besig is om te gebeur, word wel deur Derrida op 'n heel besondere wyse geartikuleer. Hy drywe verkieslik 'n wig in die bars in om dit behoorlik bloot te lê en dit duidelik te laat sien. Wat bevraagteken word, is nie die barste nie, of wat daarvoor verantwoordelik is nie, maar die hele gedagte van die fondament self, die 'fondament' as sodanig ... die 'oorsprong' self, die 'bestemming', die 'sin'. Omdat hy bereid is om dit te bevraagteken wat nie bevraagteken mag word nie, hoewel dit as een groot vraagteken verskyn, en omdat hy die moed het om dit wat op 'n versweë en verskuilde wyse – onbewustelik – tog niks anders as vraagtekens bly nie, wel te be-vra, daarom lees ek hom graag.

Die genoemde terme en nog baie ander verberg agter 'n sekere verwarring filosofiese veronderstellinge van 'n baie spesifieke en bepaalbare aard. Die veronderstelling hier is: grondslae is bepaalbaar en wel in terme van die eenheid en totaliteit van sin. Derrida se onderneming is om aan te toon: grondslae is nooit absoluut bepaalbaar nie, of anders gestel: om aan te toon waarom die bepaling daarvan nooit absoluut seker is nie. Hy doen dit deur 'n heel besondere *leeswyse:* 'deur ander te laat sê wat nie in hulle geskrifte staan nie'. Hy lees tussen die lyne, tussen woorde en in die kantlyne ... binne die gaping tussen tekste. Die ongesegde, die skaduagtige, die afwesige, die onbewuste ... dit wat verdring is, word gesien as funderende en bepalende

werkwyses, reëls of strategieë aangaande die hóé en die wát van die filosofie. Hy fokus op tekste; sy werkwyse is nie soseer filosofiese refleksie in die gangbare sin nie, maar kom neer op 'n besondere soort lees- en skryfhandeling (aktiwiteit). Dit is 'n aktiwiteit wat doelbewus ingeskakel word in die ketting van tekste wat in die loop van die geskiedenis geskrywe is. Oor sy leeswyse is Derrida eksplisiet na aanleiding van sy leeswerk van Searle: 'I do not "concentrate" in my reading ... either exclusively or primarily on those points that appear to be the most "important", "central", "crucial". Rather, I deconcentrate, and it is the secondary, eccentric, lateral, marginal, parasitic, borderline cases which are "important" to me and are a source of many things, such as pleasure, but also insight into the general functioning of a textual system' (Derrida, 1977:180).

Tradisioneel stel die filosofie homself voor as 'n denke wat reflekteer oor God, werklikheid, mens, die syn, dit wil sê, as 'n denke wat verwys na iets *buite* homself, na die sogenaamde metafisiese groothede. Die maatstaf vir waarheid is om die denke te toets aan dit waaroor gedink word: die sake self, die werklikheid, bewussyn, ens. Derrida laat hierdie aspek van die filosofie tersyde en konsentreer op 'n ander aspek wat die filosofie ook is, nl. 'n skripturele en tekstuele aktiwiteit met streng reëls en grense. Hy skrywe sy teks as't ware in die gapings, skeure en barste van die metafisiese teks in ... in die vergete, versweë en verdronge dieptes daarvan. Dit sluit aan by 'n sekere siening van taal wat in die geskrewe teks veel beter tot uiting kom as in die gesproke woord, dit wil sê, dat 'n begrip nie verselfstandig kan word nie, maar altyd alreeds opgeneem is in 'n netwerk van terme wat voortdurend na ander en verdere terme bly verwys. Vir sover 'n begrip na ander terme verwys, is dit egter nie self daardie terme nie, verskil dus daarvan en kom die netwerk gevolglik neer op 'n *netwerk van differensies* tussen begrippe en **nie** op ooreenkomste tussen begrippe en sake nie.

Ondanks sy klem op die skripturele en tekstuele aktiwiteit waardeur die metafisika sy oorskryding tegemoetgaan, kan hierdie oorskryding nie in ander terme gedink word as in terme van die metafisika nie. Per slot van rekening is die hele Westerse kultuur deurdrenk van hierdie metafisika: wetenskap, kuns, moraliteit, religie, letterkunde, politiek, selfs die alledaagse lewe, ens.

Dit is daarom belangrik om allereers baie bondig die Westerse metafisiese tradisie waarbinne Derrida werksaam is, te karakteriseer. Dit is nodig vir die oorweging van sy werk. Die Westerse metafisika het sy sisteem van werklikheidsinterpretasie gekonstitueer en gekonsolideer rondom die kategorie *'representasie'*. Denke word beskou as 'n voorstelling of representasie wat ons van die werklikheid maak, en taal is op sy beurt die voorstelling van denke. Hierdie sisteem het gepoog om die representatiewe diskoers te vestig as die normatiewe model van die taal, en dit sluit poëtiese taal in, nie minder nie as nie-fiktiewe wyses van diskoers. Selfs fiksie bevraagteken nie die kategorie representasie nie; inteendeel, dit word daardeur gestruktureer.

Representasie of voorstellende denke word ook deur sommige verklarende, berekende, aksiomatiese, ens. denke genoem en verkry die status van selfevidente sekerheid. Dit kom neer op teenoorstelling of objektivering met

die doel om te ken, te presiseer, en te be-teken. Terselfdertyd het dit ook te doen met teenwoordig wees, en met teenwoordigstelling wat sy hoogste uitdrukking vind in die narcissistiese teenwoordig wees aan die self en selfverwesenliking waarna Kristeva verwys as die 'nuwe siekte'. Naas die self word die ware, die goeie en die skone, en uiteindelik God ook, teenwoordig gestel. Hiermee word bely dat daar presies geweet en verstaan word wat met waar, goed, skoon, God, self, sin, ens. bedoel word. En pryse word aan mense uitgeloof vir die knapheid waarmee hierdie sake beskrywe word. En dit wat so goed verstaan word, kan dan uiteraard ook met die grootste gemak oorgedra, meegedeel en gekommunikeer word, veral deur die steun van die fonosentris, maar ook deur die geskrif van die logosentris. Daar onstaan 'n soort homogene kommunikasieruimte waarbinne almal mekaar verstaan. Representasie kan nie losgemaak word van kommunikasie en ekspressie nie, met ander woorde, van die homogene, ondubbelsinnige ekspressie van sin en/of betekenis nie.

In die metafisika-geskiedenis is daar egter steeds opposisies werksaam waarvan spraak/skrif as die sentrale skema funksioneer. Die ander is goed/kwaad, aanwesig/afwesig, binne/buite, bewus/onbewus, waar/vals, ens. Hierdie opposisies is hiërargies georden waarvan die eerste positief en die tweede negatief is, die eerste verteenwoordig opperste sinvolheid en die tweede die afwesigheid van sin.

Volgens die metafisika van die aanwesigheid moet dit wat aanwesig is, dit wil sê, wat voorgestel kan word, ook toegeëien word. Dit moet my eie gemaak word. Binne hierdie homogene veld van aanwesigheid moet die ware, die goeie, en die skone toegeëien word. Heidegger, Gadamer en Ricoeur onderskryf al drie die moontlikheid dat hermeneutiek 'n struktuur van toe-eiening genoem kan word. Die toe-eiening is toe-eiening van inhoude waaroor duidelikheid bestaan: God, werklikheid, waarheid, ens. Dit gebeur omdat dit deur die ontplooiing van 'n konseptuele apparaat die opstandige, die ander, dit wat vreemd is in die homogeniteit van nabyheid betrek.

Die sentrale gedagte by Derrida is dat hierdie beskrewe homogeniserende nabyheid slegs fonies of sonoor voorgestel kan word: die nabyheid kan slegs verwesenlik word aan die hand van die struktuur spreek/luister. Die hele geskiedenis van die filosofie, die globale filosofies-wetenskaplike projek, stel die homogeniserende nabyheid van die mens aan die werklikheid, van die denke aan die syn, van die mens aan homself voor in terme van spreek/luister.

Hierteenoor is Derrida se eie strategie om wel die gestruktureerde genealogie van filosofiese begrippe te dink, *maar* om terselfdertyd te bepaal wat hierdie geskiedenis in staat was om te verbied en te verdring. Dan skrywe hy: 'By means of this simultaneously faithful and violent circulation between the inside and the outside of philosophy – that is of the West – there is produced a certain textual word that gives great pleasure. That is a writing interested in itself which also enables us to read philosophemes – and consequently all the texts of our culture – as kinds of symptoms of something that *should not be presented* in the history of philosophy, and which, moreover, is *no-where present*, since all of this concerns *putting into question* the major determination of the meaning of being *as presence*' (Derrida, 1981a:6-7).

Hiermee word die grondkategorieë van die voorstellende denke van die metafisika van aanwesigheid of teenwoordigheid bevraagteken, en wel in terme van dit wat verdring is en onbewus gebly het. Dit vind uitdrukking in die houding teenoor skriftuur as 'n eksemplariese simptoom van hierdie onbewuste. Dat hierdie simptoom vandag blootgelê word, is nie te danke aan een of ander konkrete geniale indiwidu nie, maar kan toegeskrywe word aan 'n totale transformasie, wat op baie terreine afspeel soos wiskunde, logika, biologie, psigoanalise, informasie-tegnologie, ens. In hierdie *totale* transformasie word betekenis en betekenisgewing in sy geheel bevraagteken, en daarmee word die heersende opvattinge oor waarheid, goedheid, skoonheid geskud. Opvattinge oor die subjek, bewussyn, God, ens. word tot hersiening gedwing. Dit is vrae oor al hierdie opvattinge, wat as fundamentele en funderende en gefundeerde opvattinge aanvaar word, wat in die skeure en krake en barste van die fondamente ingevoeg word, deurdat dit in die oop wit ruimtes tussen woorde, sinne en tekste en in kantlyne ingeskrywe word. Deur hierdie skryfwyse word die genoemde algemeen aanvaarde opvattinge, waaraan die heersende opvatting van skriftuur onderworpe is, ontmasker as onkrities en slegs bestem om die gesag en die krag van 'n bepaalde historiese diskoers te verseker (Derrida, 1977a:179). Terselfdertyd kom daar nou 'n ander opvatting van skriftuur na vore waarvolgens skriftuur nie meer 'n blote funksie vir die kommunikasie van bepaalde opvattinge is nie, maar waarvan kommunikasie self, asook die ander opvattinge, die effekte is.

Die volgende twee betekenisse van die woord *skriftuur* kan hiervolgens onderskei word: die aanvaarde betekenis waarin skriftuur en die spreke wat dit voorstel teenoor mekaar gestel word, en 'n meer radikale betekenis wat gesien moet word as die gemeenskaplike basis van skriftuur en spreke (Derrida, 1981a:7). Die klem op eersgenoemde betekenis het gelei tot die verdringing van die tweede meer radikale betekenis waarna hy ook verwys as 'archi-skriftuur'. Tog meen Derrida (1977a:181) dat die karaktertrekke van die klassieke, eng gedefinieerde opvatting van skriftuur veralgemeen kan word. Hulle is nie alleen geldig vir alle tekens en vir alle tale nie (insluitende die gesproke taal), maar ook vir wat filosofies genoem sou kon word die omvattende ervaringsveld, die ervaring van die syn, 'teenwoordigheid'. Hiermee is die weg geopen na die wesensbepaling van skriftuur as sodanig wat die volgende karaktertrekke openbaar: (1) die skriftuur breek weg van die horison van kommunikasie as kommunikasie van bewussyne of van teenwoordighede en as die linguistiese of semantiese oordrag van die begeerte om te bedoel wat ons sê, d.w.s. om te be-teken; (2) die skriftuur kom los van die semantiese of hermeneutiese horisonne wat, vir sover hulle horisonne van betekenis is, juis deur die skriftuur oopgekloof word; (3) die skriftuur as disseminasie is noodwendig verwyder van die begrip polisemie; (4) die skriftuur diskwalifiseer of beperk die begrip konteks deurdat dit die rigoristiese teoretiese bepaling sowel as die empiriese deurdrenking daarvan onmoontlik of ontoereikend maak (Derrida, 1977:181).

So keer Derrida dan die tradisionele hiërargie spreke/skriftuur om, ten gunste van skriftuur. Dit is nie die spreke wat primêr is nie, dit wil sê dit waarna die skriftuur aanhoudend moet verwys nie, maar omgekeerd is dit die

skriftuur wat altyd alreeds in elke taal of spreke begin is. In hierdie omkering ontstaan die gaping of breuk wat Derrida verwyd deur daarin te skrywe (die wig word ingedrywe in die breuk). Dit lei tot die opkoms of inbreuk van 'nuwe tekens' wat nie meer ingeskrywe kan word in die metafisiese struktuur nie. Hoewel hierdie tekens na vore kom in die metafisiese opposisionele struktuur kan hulle nie in die opposisionele rangorde vasgelê word nie. Hulle dien eerder daartoe om hierdie struktuur te disorganiseer waardeur die metafisika of filosofie in sy geheel, dit wil sê ook in sy uitdrukking op al die ander genoemde terreine, gedisorganiseer word, dit wil sê dit is 'n disorganisasie van die hele kultuur van die Weste. Dit gebeur ook omdat hierdie tekens hulle verset teen die onophoudelike toe-eiening wat die filosofie uitoefen.

Die archi-skriftuur word in verband gebring met ander name: spoor, différance, supplément, ruimtewording (éspacement), breuk (brisure) en dergelike terme wat nie in terme van binêre of dialektiese logika vasgelê kan word nie. Hierdie terme rus dus nie op reeds vasgelegde betekenis nie, maar maak so iets soos betekenis moontlik. Waar die metafisika rus op die problematiek van voorstelling in die sin van aanwesig te stel, vóór my te stel, rus die Derridiaanse aanpak op die problematiek van die spoor. Die metafisika soek na die ding self, voor my, aanwesig, en as sodanig betekenisvol, in homself waar en denkbaar; Derrida keer dit om en probeer aanwesigheid en betekenis teen die agtergrond van spoor te dink.

Wanneer Derrida stel dat betekenisse slegs moontlik is op die grondslag van spoor suggereer hy 'n fundamentele verandering in die metafisiese tradisie. Nou word teken en betekenis nie meer gedink vanuit die bevestiging van die oorspronklike aanwesigheid van iets of iemand, mens, ding of God nie. Aanwesigheid, betekenis, kommunikasie ontstaan as 'n effek van die spoor. Die implikasie is dat 'n veld van spore veronderstel word: 'n netwerk of sisteem. Indien so 'n veld van spore teks genoem word, bevind ons onsself altyd alreeds binne tekste, dan word alles teks, en is daar nie 'n 'oorspronkliker' niveau of 'fundering' aan te gee as dié van tekstualiteit nie. In die lig hiervan is die betekende begrip nooit by homself aanwesig in 'n selfgenoegsame aanwesigheid wat slegs na homself verwys nie (ongeag die feit of dit op God, subjek, waarheid, goedheid of wat ook al betrekking het). 'n Begrip is ingeskrywe in 'n netwerk of sisteem waar dit na ander begrippe verwys en dan kry ons 'n sistematiese spel van differensies. Spel dui daarop dat betekenis nie meer beperk word deur 'n absolute norm nie; spel is onbeperk danksy die afwesigheid van absolute norme, kennis, ens. Maar dit is geen spel sonder reëls nie. Taal vorm immers 'n sisteem en taaltekens word bepaal as elemente van 'n sisteem op grond waarvan sisteem 'n geheel van differensies is wat die 'transendentaal betekende' as oorspronklike funderende betekende onmoontlik maak. Die arbitrêre en differensiële skuif by Derrida inmekaar en is nie meer korrelatief soos by Saussure nie. Vir die artikulasie hiervan gebruik Derrida *gramma*. Dit is die sintese van betekenaar en betekende wat sodanig funksioneer dat die betekende van hierdie sintese alreeds in die posisie van die betekenaar staan wat na 'n nuwe betekende verwys. Elke teken beteken dus 'n ander teken en is dus 'n teken van 'n teken van 'n teken, ens. Hierdie

primêre eienskap van 'n teken, nl. om 'n teken van 'n teken te wees, maak die teken tot gramma en elke taalteorie uiteindelik tot 'n grammatologie: 'n teorie van skriftuur (Derrida, 1967).

Taal of skriftuur as spoor, différance, supplément, éspacement, etc. is nòg spreke nòg skrif, nòg teken nòg betekenis, nòg aanwesigheid, nòg afwesigheid. Dit is 'name' vir dit wat die proses van die taal, en simboliese uitwissing in die algemeen organiseer; name dus wat nie meer as konsepte ingeskrywe kan word in die metafisies-opposisionele struktuur nie. Teenoor die *homogeniteit* van die metafisika van aanwesigheid het ons hier te doen met *heterogeniteit:* spoor, skriftuur, ens. is tegelyk aanwesig as ingriffing (betekenaar) en afwesig as verwysing na wat dit nie is nie en waarvan dit slegs 'n spoor is. Hierdie sistematiese spel van differensies, wat ook *différance* genoem word (Derrida 1981a:8-10; 1982:1-27), is geen oorsprong in die sin waarin metafisika na die oorsprong van die waarheid sou verwys as geleë in God, Bewussyn, Mens, Gees, Materie, ens. nie. Die spel van differensies verbied ons om by oorsprong uit te kom.

Daar is nou niks meer toe te eien nie; ons vind eerder onteiening. Die skadukonsepte gee aanleiding tot onteiening. *Rede* (redelikheid, logisiteit, diskursiwiteit) se skadusy, nl. die ongesegde, dit wil sê dit wat in die kantlyn, in die marge geskrywe is, lei tot onteiening van die uniekheid van die rede. Dit is die *styl* (vgl. Derrida 1978). Die skadusy van die *subjek,* nl. *signatuur*, is 'n strategie van die grammatologie wat die grense van die subjek aandui deur die term subjek binne die metafisiese netwerk te situeer. Hier het ons twee voorbeelde van onteiening en dit sou miskien onbillik wees om meer voorbeelde te gee. Die blote gedagte aan 'n onteiende subjek en 'n onteiende rede is tog te vreesaanjaend vir 'n narcissistiese samelewing wat krampagtig kleef aan sy vasgelegte en gepresiseerde betekenisse en sy stereotipies gefundeerde en hiërargies finaal geordende instellinge. Wat sou dan van politici, dominees, skrywers, en ... filosowe word? om nie van die verslae verdrietigheid van al hulle aanhangers te praat nie.

Teenoor die toe-eiening van poliseme-betekenis as gerepresenteerde sin kry ons nou ook te doen met 'n omvattende onteieningsoperasie vanweë die disseminasie van sowel sin as on-sin. Die toe-eiening van gerepresenteerde sin dui op die vaspen en inperking daarvan. Daar word beslag gelê op sin; dit word in besit geneem. Alles dui op 'n soort dwangmatige gulsigheid (want daar is mos *baie* betekenis – polisemie – om op te slurp) waardeur dit wat is tot eiendom gemaak word of soos Julia Kristeva skrywe: 'Interpretation necessarily represents appropriation, and thus, an act of desire and murder'. Disseminasie, daarenteen, dui op die speelse uitstorting, verspilling, verplasing en vrylating van dit wat sowel sinvol as on-sinnig mag wees. Dit situeer die sin en die on-sin wat onbepaald weerstand bied teen die effek van subjektiwiteit en toe-eiening (soos idealisering, verinnerliking, betekenisgewing, outonomie, wet, ens.) – die orde van die simboliese. In hierdie verband skrywe Derrida (1981a:84-85) 'Dissemination would be not only the possibility for a mark to "disembed" itself ..., not only the force ... which permits it to break what fastens it to the unity of a signified ..., not only the possibility of bursting from this *clasp,* and of undoing the eider quilt of the symbolic ...

It is also the possibility of deconstructing ... or ... of unsewing the symbolic order in its general structure *and* in its modifications, in the general *and* determined forms of sociality, the "family" or culture. The effective violence of disseminating writing.'

Hierdie disseminerende skryf/leesspel is karakteristiek van wat Derrida die dekonstruktiewe operasie noem. Dit is inderdaad 'n spel, maar dan tog 'n spel met 'n toon van erns. Tot dusver het die woord 'dekonstruksie' nog nie ter sprake gekom nie. Dit was doelbewus verswyg om die indruk uit die weg te ruim dat daar meegedoen word aan 'n modeverskynsel. In meer as een opsig is dit inderdaad 'n modeverskynsel, en geld van hierdie een ongelukkig ook wat van alle modeverskynsels geld: die meeste doen mee en heel dikwels ook diegene vir wie dit nie pas nie. In laasgenoemde geval lyk dit gewoonweg verspot en laf. Onder die eienaardigste omstandighede en by die raarste figure doem die term dekonstruksie skielik op. Dit is op die lippe van baie, maar in die denke van min, om van die harte nie te praat nie. In die lig hiervan is probeer om op baie bondige wyse (beslis te bondig!) die filosofiese draagwydte van 'n geestesbeweging te skets, wetende dat meer as een skeef sal opkyk, hopende dat baie sal ophou om dit as 'n modeverskynsel te eksploiteer (misbruik), maar ook met die optimistiese verwagting dat enkeles die outentieke radikaliteit daarvan sal gewaar en energiek sal wil mee-dink.

Dit is duidelik dat die kennismaking met dekonstruksie die vraag afdwing: Wat moet/kan daarmee gedoen word? By die beantwoording hiervan kan verskillende opsies oorweeg word. Daar is reeds gewys op die deelname aan dekonstruksie soos aan 'n modeverskynsel wat as 'n eerste opsie beskou kan word. Almal praat daaroor, dit gryp die verbeelding van baie aan, selfs ook dié van groot geeste. 'n Mens sou volledig uit pas wees as jy nie ook dekonstuktief bedrywig raak, die woord van tyd tot tyd rondgooi, en selfs na die werke van ongelese skrywers verwys nie. Dit bly belangrik om in tel te wees, of nog beter, om indruk te maak. In hierdie verband is dit belangrik om daarop te let dat dekonstruksie nie bloot 'n ander naam vir kritiek, selfs radikale kritiek is nie (om nie eers te praat van die soort van kwasie-kritiese kommentaar afkomstig van diegene wat vind dat iets gewoon net nie in hulle smaak val nie). Eweneens is dit nie beskikbaar vir bondgenootskappe waardeur die eie ideologiese voorkeure gemaklik versterk kan word nie. Hoewel die aanwysing van parallelle waardevol mag wees, is dit op sigself nog geen dekonstruktiewe operasie nie. Dit kan maklik die indruk skep dat die einde van die pad in dekonstruksie bereik word, terwyl elke dekonstruktiewe operasie eintlik oop is en oop bly vir verdere soortgelyke operasies.

'n Tweede moontlike weg wat gevolg kan word, behalwe om bloot net die rug daarop te draai as iets irrelevants en onsinnigs wat natuurlik elkeen se goeie reg is, is om dekonstruksie te beskou as een van baie metodes of teorieë wat op 'n oorvereenvoudigde, resepmatige wyse aan studente voorgehou kan word as 'n moontlike manier van omgang met tekste van een of ander aard. Indien so iets wel moontlik sou wees, sou dit in elk geval noodgedwonge neerkom op 'n geweldige verskraling. Tog is hierdie opsie nie sonder didaktiese verdienste nie, en as sodanige ook belangrik.

In die derde plek bestaan die moontlikheid om deel te neem aan die

dekonstruktiewe operasie, gesien as 'n radikale en lewenskragtige geestesbeweging. Vir sodanige deelname moet ingesien word dat dekonstruksie nie sonder wesenlike verskraling bloot tot 'n teorie, 'n metode of 'n kritiek afgeskaal kan word nie. Dit klink vlak en eng wanneer gepraat word van 'As ek dekonstrueer ...' Werklike deelname aan dekonstruksie kom neer op die denkende deelname aan 'n geestesbeweging wat ikonoklastiese strooptogte onderneem deur die vertoonlokale en -kabinette gevul met al die 'kosbare geestesgoedere' en wat die holle dolligheid van rustige selftevrede noukeurig uitgewerkte en vasgelegde sekerhede aan die kaak stel. Dit is inderdaad 'n denkwyse wat die veronderstellinge en vooroordele van alles wat as kosbaar en sinvol aanvaar is, radikaal bevraagteken en hersien. Dit kom daarop neer dat opvattinge oor politieke, sosiale, religieuse, opvoedkundige, wetenskaplike, ekonomiese en ander werklikhede in nuwe terme her-dink sal moet word in die soektog na 'n nuwe soort same-lewing en 'n nuwe soort menswees. Die betekenis, waarde en aansien wat so vanselfsprekend is ten opsigte van sake soos mag, weelde, status, eer, kennis, waardes, en baie meer sal gedekonstrueer moet word. Die konsekwensies van dekonstruktiewe operasies, wanneer dit gerig word op die genoemde sake, kan so verreikend wees dat dit vir die meeste waarskynlik te duur sal wees. Maar het ons 'n ander opsie as ons kyk na die krake in die fondamente?

> Il faut que tu comprennes, si j'écris *sur* la carte, ... c'est pour détruire ... Et si nous ne détruisons pas toutes les traces, nous sommes sauvés, c'est-à-dire perdus ...
>
> (Uit: *La carte postale*)

## Verwysings

Derrida, Jacques. 1967. *De la grammatologie*. Paris: Minuit.

Derrida, Jacques. 1977a. Signature, event, context. *Glyph* 1. Baltimore: Johns Hopkins University Press.

Derrida, Jacques. 1977b. *Limited Inc. Glyph* 2: 162-254 Baltimore: Johns Hopkins University Press. (Franse supplement tot *Glyph 2*.)

Derrida, Jacques. 1978. *Eperons: les styles de Nietzsche*. Paris: Flammarion.

Derrida, Jacques. 1981a. *Positions*. Chicago: University of Chicago Press. (*Positions*. Paris: Minuit, 1972.)

Derrida, Jacques. 1981b. *Dissémination*. Chicago: University of Chicago Press. (*La dissémination*. Paris: Seuil, 1972.)

Derrida, Jacques. 1982. *Margins of philosophy*. Sussex: Harvester Press. (*Marges de la philosophie*. Paris: Minuit, 1972).